# 8. GESKIEDENIS VAN DIE VRYHEIDSE HOËRSKOOL VANAF 1910 TOT 1975

## 8.1 OORSIG VAN ONTWIKKELING

Die tydperk 1910 tot 1935 word gekenmerk deur die ontwik= keling van 'n skool wat voorsiening gemaak het vir primêre en middelbare onderwys tot op die tydstip dat die status van 'n volwaardige hoërskool bereik is. Gedurende die tydperk 1936 tot 1975 beleef die skool die uitbouing van hierdie status tot dié van 'n toonaangewende skool in Natal.

Met die stigting van die Primêre Skool Nuwe Republiek in 1920 is leerlinge in klasse 1 en 2 en standerd 1 en 2 oorgeplaas vanuit die Vryheidse Goewermentskool na die Nuwe Republiekskool. (1) In 1924 is die standerd 3-klasse oorgeplaas en in 1930 ook die standerd 4- en 5-klasse. (2)

In Augustus 1922 het die skool verhoogde status gekry deurdat die Uitvoerende Komitee die naam van die skool verander het na die Middelbare Skool Vryheid. Vier jaar later is die naam verander na die "Vryheidse Intermediêre Goewermentskool vir Blanke kinders". In 1935 het die Uitvoerende Komitee besluit om die naam van die skool te verander na "Hoërskool Vryheid". (3)

---

(1) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1920-08-03.

(2) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1930-01-27.

(3) Van der Merwe, J.H.: Die Vryheidse Hoërskool. (In: Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973, p. 133).

Gedurende die periode 1935 tot 1975 het die personeel vermeerder tot meer as 70 en die leerlingtal van 343 tot 1 149. (4)

### 8.1.1 Akkommodasie, toerusting en terrein

Die klipskool wat in 1906 in gebruik geneem is, was in 1910 alreeds te klein en in Augustus 1910 is 3 nuwe klas=kamers in gebruik geneem en moes 'n junior klas in die saal geplaas word. Teen die einde van 1911 is 'n sinkgebou opgerig vir Houtwerkklasse. In 1914 is nog twee klaska=mers aangebou en 'n Handelsklas met 5 leerlinge begin. Ook 'n skoolkombuis is vir kookkunsklasse opgerig. Vanweë die stygende leerlingtal was die skoolgeriewe teen 1919 weer te klein en is die Afrikaansmediumklasse, standerds 5, 6, 7 en 8 met 1 onderwyser in die saal, waar ook die sanglesse gegee is, geplaas. (5)

Teen 1920 is 'n Natuurwetenskapklas van 54 leerlinge inge=druk in 'n klaskamer wat net 38 leerlinge kon huisves. Die eksperimente is op 'n klein tafeltjie gedoen terwyl daar ook net een waterkraan in die klas was. Akkommodasie van die Handelsklasse was ook betreurenswaardig. H.C. Gardham, tegniese adviseur vir Handelsvakke, berig in dieselfde jaar aangaande die posisie van 'n Handelsklas op Vryheid dat "of a class of 30 pupils, 3 were typing, 4 or 5 working at ledger accounts, 4 at Shorthand (main=ly theory), 6 listening to a talk upon business method while the remainder were practising letter-writing". (6)

---

(4) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1975-01-20.

(5) Ibid., 1919-04-28.

(6) Ibid., 1920-08-18.

In 1920 is 'n meisieskoshuis in gebruik geneem en in 1926 'n sierlike nuwe seunskoshuis. In 1926 is 8 klaskamers tot die skool bygevoeg. Ten spyte hiervan was die klas=kamerposisie só kritiek dat die Juniorsertifikaat Engels=mediumklas van 16 leerlinge in 'n baie klein personeelkamer moes skoolgaan. Die Duitse klas van 24 leerlinge en die Engelsmedium standerd 4-klas was albei in die saal. Die Handelsklas is gehuisves in die seunskoshuis, een kilometer van die skool, terwyl die matriekklas in 2 kamers van die hoof se huis moes skoolgaan. Daar was geen elektriese ligte in die skool nie en die verwarmers was buite werking. (7)

In 1953 is die nuwe en huidige skoolgebou in gebruik geneem. Met 'n leerlingtal van oor die 1 100 het die Departement 'n sierlike skoolsaal laat bou asook 'n hele laboratoriumkompleks vir Huisvlyt, Biologie en Na=tuur- en Skeikunde. (8)

### 8.1.2 Skoolbywoning en leerlingtal

Die volgende tabel gee 'n beeld van die leerlingtalle aan die Vryheidse Hoërskool gedurende die tydperk 1910 tot 1975:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 317 | (9) |

(7) Die Redakteur: The Vryheid and District Gazette, 1927-02-11. s.p.
(8) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1953-07-21.
(9) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).

| | | |
|---|---|---|
| 1920 | 391 | (10) |
| 1930 | 394 | (11) |
| 1940 | 409 | (12) |
| 1950 | 412 | (13) |
| 1960 | 565 | (14) |
| 1965 | 629 | (15) |
| 1970 | 941 | (16) |
| 1975 | 1 149 | (17) |

Gedurende die sestigerjare was daar 'n toestroming van mense na die gebied as gevolg van verhoogde mynbedrywig= hede. Die ontwikkeling van primêre nywerhede het ook verwante sekondêre nywerhede na die gebied gelok. In die 15 jaar vanaf 1960 tot 1975 het die skool se getalle feitlik verdubbel.

### 8.1.3 Die Taalkwessie

In Februarie 1910 is mej. J. Schoon aangestel by die skool op Vryheid om die onderrig van Hollands in die senior klasse, vanaf standerd 5, waar te neem. (18) In die volgende maand is die skool op Vryheid deur inspek=

---

(10) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1920).
(11) Ibid. (NED 1930).
(12) Ibid. (NED 1940).
(13) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).
(14) Ibid. (NED 1960).
(15) Ibid. (NED 1965).
(16) Ibid. (NED 1970).
(17) Ibid. (NED 1975).
(18) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1910-02-01.

teur H.R. Dukes besoek ten einde 'n opname te maak van die nasionaliteit van die kinders in die skool asook om planne te beraam vir beter onderrig van Hollands. In April het die hoof uitvoering gegee aan inspekteur Dukes se voorstelle en is 'n nuwe skoolrooster opgestel waarin voorsiening gemaak is vir die onderrig van Hollands gedurende die laaste uur van elke skooldag. (19)

Gedurende Januarie 1911 het 'n afvaardiging inspekteur Dukes ontmoet met die versoek dat Hollands die medium van onderrig moes wees vir alle Hollandssprekende kinders tot standerd 4. Daar is egter ooreengekom om die saak te laat oorstaan totdat die verslag van 'n verkose komitee, wat deur die Unie-parlement benoem is om op hierdie saak in te gaan, uitgebring is. (20)

In Maart 1916 het F.W. van Reenen (L.P.R.) 'n versoek aan die Superintendent van Onderwys gerig dat sy kind deur medium van Hollands onderrig moet word. Dit is spoedig deur dergelike aansoeke van 15 ander ouers gevolg. (21) Al hierdie versoeke is toegestaan, maar reeds in Mei van dieselfde jaar het sekere ouers van die skool op Vryheid hul kinders aan die Hollandsmediumklasse ont=trek en hul teruggeplaas in die Engelsmediumklasse. (22)

In Augustus 1916 is vorms aan alle ouers van die skool op Vryheid uitgedeel waarin die ouerlike keuse met be=trekking tot die medium van onderrig aangedui moes word. Van die ouers van leerlinge aan die middelbare skool

---

(19) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1910-04-04.
(20) Ibid., 1911-01-10.
(21) Ibid., 1916-04-11.
(22) Ibid., 1916-05-03.

op Vryheid het 307 Engels verkies as medium van onderrig terwyl slegs 22 Hollands as medium van onderrig verkies het. 247 Leerlinge het verkies om Hollands slegs as vak te neem terwyl 60 leerlinge glad nie Hollands as vak geneem het nie. (23)

### 8.1.4 Die onderwyspeil van die skool

Die Superintendent van Onderwys berig in 1912 dat die ouers rede het om trots te wees op die skool. Die eksa= menuitslae vir 1911 was soos volg:
Hoogste Taalbond: Ingeskryf 2, geslaag 1.
Matriek: Ingeskryf 4, geslaag 4.
Junior Sertifikaat: Ingeskryf 3, geslaag 3. (24)

Eksamenuitslae vir 1912 was soos volg:
Matriek: Ingeskryf 2, geslaag 2.
Junior Sertifikaat: Ingeskryf 4, geslaag 4. (25)

Eksamens in 1928 afgelê, was die Matrikulasie-eksamen, die School-leaving Certificate en die Preparatory School-leaving Certificate, die Afrikaanse Taaleksamen en die Junior Sertifikaateksamen. (26)

Eksamenuitslae was in 1934 soos volg: Matriek: inge= skryf 28, geslaag 25. S. Repsold behaal die eerste plek in die Unie in die Hoër Taaleksamen. (27)

---

(23) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1916-08-14.
(24) Ibid., 1912-01-26.
(25) Ibid., 1913-02-03.
(26) Ibid., 1928-06-18.
(27) Ibid., 1934-02-05.

### 8.1.5 Skoolhoofde

Gedurende die periode 1910 tot 1975 het die volgende persone diens gedoen as hoof van die Vryheidse hoërskool: L.T. Fowle (1910-), H. Holderness (1919-), S.W. Pape (1923-), Dr. P.C. Schoonees (1926-), C.G. du Toit (1947-), M.P. Marais (1953-), P.H. Gräbe (1966-), J. Beukes (1970-), J. v.d. Merwe (1971-), M.A. van Wyk (1971-), J.W.J. van Rooyen (1973-) en G.J. Krause (1974-). (28)

### 8.1.6 Buitemuurse aktiwiteite

#### 8.1.6.1 Sportaktiwiteite

Op die gebied van rugby het die skool waarskynlik in 1927 een van sy beste jare beleef. Tydens die rugby=wedstryd tussen Vryheid en Ladysmith het Vryheid met 122/0 gewen. (29) Dat die vertoning nie 'n geïsoleerde geval was nie, blyk daaruit dat 'n maand later 'n noordelike distrikte rugbyspan bestaande uit 20 spelers gekies is om teen die suidelike distrikte te speel en al 15 spelers van Vryheid was ingesluit in die span terwyl slegs 3 spelers van Dundee en een speler elk van Newcastle en Ladysmith in die span opgeneem is. (30)

In 1938 is die eerste noordelike distrikte swemgala op Vryheid gehou. In daardie stadium moes leerlinge hulle

---

(28) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1974-01-15.

(29) Die Redakteur: The Vryheid and District Gazette, 1927-05-20. s.p.

(30) Ibid., 1927-06-27. s.p.

laat bedien van die munisipale swembad wat twee straat= blokke van die skool was. Tydens L.O.-periodes moes die leerlinge na en van die swembad stap. Gewoonlik was hulle daarna só moeg dat hulle in die klas aan die slaap geraak het. (31)
In 1966 kon 'n aanvang geneem word met die bou van die skool se eie swembad, wat in 1968 voltooi is. Vryheid het mettertyd 'n groot rol begin speel in Natalse swem= kringe. (32)

In 1940 is die pawiljoen en kleedkamers uit 'n toelaag van R450 gebou. Die terrein by die pawiljoen is ook gelykgemaak en 'n rugbyveld aangelê sodat die skool toe twee rugbyvelde gehad het. (33)

In 1975 het die skool as georganiseerde sportaktiwiteite rugby, netbal, hokkie, tennis, swem, landloop, atletiek, skyfskiet, pluimbal en gimnastiek aangebied. (34)

8.1.6.2 Ander kulturele bedrywighede

Gedurende die eerste tien jaar van Uniale regering het die kadette nog 'n baie prominente rol vervul in die skool= lewe. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die sterk Britse invloed op die karakter van die skool tydens die koloniale tydperk. Die kadette is gereeld geïnspek= teer deur offisiere van die weermag en hulle moes gereeld by funksies in die dorp optree. Daar word in die begin=

---

(31) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973.
(32) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1968-03-02.
(33) Ibid., 1940-08-13.
(34) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973, pp. 60-61.

jare só dikwels verwys na die werksaamhede van die kadet=korps dat 'n mens nie anders kan as om aan hulle 'n baie vername rol in die skoollewe toe te ken nie. (35)

Ook op die gebied van sang het die Vryheidse Hoërskool al dikwels presteer. In 1932 wen die skool die Huisge=noot Wisselskild vir die sing van Afrikaanse sangstukke. (36) In 1968 word die Natalse Jeugkoor gestig en word 8 leerlinge van die Vryheidse Hoërskool opgeneem in die koor, meer leerlinge as uit enige ander skool in Natal. (37) Hierdie prestasie is volgehou en in 1974 het die skool 13 leerlinge in die Natalse Jeugkoor gehad. (38)

Die skool beskik ook oor 'n baie sterk en aktiewe debats=vereniging. In 1973 is na die finale rondtes van beide die Suid-Afrikaanse redenaarskompetisie en die E.G. Jan=sen trofee-kompetisie deurgedring. (39)

Die A.C.S.V. en die S.C.A. het deur die jare 'n heilsame invloed op die skoollewe uitgeoefen. Ook die Voortrek=kerbeweging word goed ondersteun. (40)

## 8.2 SAMEVATTING

Deur die jare het die Vryheidse Hoërskool as een van

---

(35) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1911-10-11.
(36) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1932).
(37) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1968-04-05.
(38) Ibid., 1974-10-22.
(39) Jaarblad: Hoërskool Vryheid, 1973, p. 117.
(40) Ibid., 1973, p. 133.

die grootste skole in Natal, op sport- , ander kulture=le bedrywighede en akademiese gebied 'n baie besliste bydrae gelewer deurdat seuns en dogters van 'n hoë gehalte die samelewing ingestuur is. As die hoeveelheid hoofde wat tot senior posisies binne die Onderwysdepartement bevorder is in aanmerking geneem word, was die Vryheidse Hoërskool ook 'n skoling vir menige onderwyser vir bevor=dering.

-ooOoo-